

Kategeet werkblad: 29 Augustus 2010

Teksgedeelte:

Jesaja 2:1-22

Agtergrond:

In plaas daarvan om op God te vertrou, het die volk staat gemaak op hulle rykdom, hulle eie mag, afgode en hulle verdraaide verstaan van die lewende God. In plaas daarvan dat die nasies na die tempel van God stroom om by Hom te leer, het die volk hulle tot die afgode van die nasies gewend. Jesaja sê dan dat die Here hulle nie dit moet vergewe nie, maar soos Jona ook hou Jesaja nie rekening dat God vergewe nie. God is geduldig en genadig. God is groot, die afgode van die ander volke is klein in vergelyking.

Verwagte uitkoms:

Gelowiges word nie gekonfronteer met die skrik van die Here nie! Gelowiges staan verstom oor sy grootheid. As ons besef wie die Here is, sal ons nie god probeer speel en vir onself naam maak nie, maar net nederig menswees soos Hy dit bedoel het.

Aksie:

Vra aan die klas watter skool se rugby span die beste is. Gee aan hulle die kans om bietjie skool politiek teenoor mekaar te toon. Huts die groep aan om bietjie kompetierend te raak. Wanneer hulle dan so soort van konsensus bereik het, vra aan die groep hoe hierdie rugby span sou vergelyk het met die Springbokspan of met die All Blacks.

Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as 'n riglyn om by bg. Verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik. Gedeeltes in (hakkies) dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

Diamant vrae:

- Die diamant vrae is deel van die aksie van “watter span die sterkste is”.

Hart vrae:

- Die hart vrae is deel van die aksie van “watter span die sterkste is”.

- Hoe reageer jy as mense grootpraterig is?

Skoppens vrae:

- Hoe vergelyk ons beste pogings met wat God doen?
- Watter les moes God se volk leer oor wie God is?
- Wat het Jesaja besef oor God binne hierdie gedeelte?

Klawers vraag:

- Hoe kan jy jousef in die toekoms herinner aan jou afhanklikheid van God.